



Geestelike Groei

Dr. Gerrie de Haas

gerrie@gedaministries.co.za

Joshua 24:15

'Kies dan vir julle vandag wie julle wil dien.. maar ek en my huis, ons sal die Here dien.'

Inhoud

1. Wat is moontlik in Jesus Christus?
2. Hoop vir elkeen.
3. Gelouter deur vuur.
4. Die Soutverbond.
5. Die Ligdraers.
6. Integriteit.
7. Ons belydenis.
8. Wonderwerke in en om jou.
9. Die vlees teen die Gees.
10. Die Sondige Natuur.

1.WAT IS MOONTLIK IN CHRISTUS JESUS?

Die vraag wat hiermee saamgaan: Hoe gaan ons 'die Groter werke' doen?

Besluite, besluite, besluite!

Ons is die hele tyd besig om besluite te neem – sommiges klein en onbelangrik en ander belangrik en lewensveranderend.

So baie besluite verander werklik ons lewe.

Sommiges wat ons neem, wat veronderstel is om ons op 'n nuwe pad te plaas, doen dit net nooit nie.

Hierdie soort besluite is maar net nooit gewortel in God se Woord nie en soos wat ons aangaan kom ons net nooit daarby uit nie.

Die lewe se grootste besluit: 'Wat doen jy met Jesus Christus?'

So gaan ons 'n nuwe seisoen in en die woord kom na jou toe van God wat sê:

'Ek is in jou, maar is jy werklik in My?'

God is absoluut getrou aan Sy beloftes – dis ons wat verander.

Joshua 24 : 15;

'kies dan vir julle vandag wie julle wil dien: of die ander gode...maar ek en my huis, ons sal die Here dien.'

Die enigste besluit wat die toets van tyd kan deurstaan, is dit.

Geredde mense is nie mense wat nooit weer getoets gaan word nie, inteendeel..

Weet net dat as die toetse kom, God jou die krag sal gee om te bly staan.

Siekte mag jou toets, maar dit kan jou nooit vernietig nie !

As goud, goud wil wees moet dit deur die vuur gaan.

Harde tye kan jou nie vernietig nie, net soos wat vuur goud nie kan vernietig nie – nee, dit maak dit net meer suiwer.

Wat het gebeur met Abraham ten tye van 'n groot keuse ?
Hy is deur God belowe dat hy die vader van baie gaan wees, maar tog word hy gevra om sy seun te offer – sy enigste – die vreugde in sy lewe.

Skielik is die opdrag van God teenstrydig met Sy belofte.
Dit het werklik baie geloof gevat om jou hele toekoms skielik in jou hande te hou!

As Abraham sou optree soos die meeste Christene vandag, sou hy God se opdrag geweier het.
Sy rede: God is nie konsekwent nie!

Maar oor sy groot geloof in God, doen hy wat God vra, want hy het geweet: Ek moet net gehoorsaam wees!
God se deel is om ook Sy belofte te hou!
Abraham was gehoorsaam – God het sy belofte gehou!

Die weg van seënninge is die pad van gehoorsaamheid.
God hou sy beloftes – dis ons wat verander.
Hierdie seisoen wat voorlê moet jy weet, gaan weer baie toetse bring.

Wat is dan belangrik ?

Deur Sy opstanding het Jesus bewys dat Hy dit waardig is om die teken van ons geloof te wees.
Toe Paulus gesê het dat hy alles kan doen in Christus Jesus was dit 'n bewys dat hy alles oorgegee het aan Hom.

Markus 9 :23

Jesus sê aan die vader van die demoon-besete seun:
'alles is moontlik vir die een wat glo.'

Dit beteken dat hulle wat glo nie beperk is deur afstand, tyd of omstandighede nie – hulle kan alles doen.

Jesus sê aan sy dissipels voordat hy weggaan:

Johannes. 14: 12

'wie in My glo – die werke wat ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit.'

Al hierdie woorde sê net vir my een ding:

'n Mens is net dit wat hy glo hy is.

God kan niks deur my doen as ek nie ten volle glo nie.

Wat moontlik is vir my hang net af van my kapasiteit van geloof – alles berus daarop.

Ons kapasiteit om te glo moet net sterk genoeg wees om alle regte en voorregte in Christus te akommodeer.

Daar is drie belangrike vereistes vir jou geloof:

1. Openlike belydenis van jou verhouding met Jesus Christus.
2. 'n Lewe van totale afhanklikheid van Hom vir alles.
3. Om by Christus te bly, maak nie saak wat jou omstandighede inhou nie.

Om net met jou mond te bely dat jy glo, maar daar is geen teken van krag daarvan in jou hart nie, maak altyd 'n bespotting van jou christelike geloof.

Jou geloof begin altyd in jou hart; nie in wat jy van jouself sê nie.

Daarom sê die Woord in ***Romeine 10: 10***

'want met jou hart glo ons tot geregtigheid, en met die mond bely ons tot redding.'

Geloof is albei.

As jy glo dat jou kapasiteit van geloof nie groot genoeg is nie, bid dan gebede van geloof sodat Jesus jou kan help.

In ***Markus 9:24*** roep hierdie vader:

'ek glo, help my my ongeloof!'

Here, help my waar ek nog ongelowig is asseblief.

Die verskille in ons kapasiteit om te glo lê juis hierin.

Wat vandag moontlik is vir jou is dalk nie moontlik vir my nie – net omdat die diepte van ons geloof verskil.

Dis die area waar daar soveel misleiding in lê en het dit in die liggaam van Christus oor jare nog net skeuring en veroordeling gebring.

Sommiges doen 'die groter werke', terwyl ander twyfel.

Belangrik: Jesus Christus het alles vir my en vir jou klaar gedoen.

Al wat hy van ons verwag is om te glo.

Daarom is dit vir die wêreld so belangrik om in geloof te respondeer op die boodskap van die Evangelie wat vir ons kom sê:

'Jesus Christus het uit die dood opgestaan sodat ek en jy vir ewig kan lewe!'

Jesus Christus is nie net die een wat genesing bring nie, maar ook redding.

Redding is nie uit onself nie.

Ons kan onself verwoes, maar kan ons self nie red nie.

Wonderwerke word gedoen in die naam van Jesus Christus – nie net die eindelose herhaling van Sy Naam nie, maar die geloof in daardie Naam.

Handelinge 3:6

Petrus en Johannes by die Mooipoort

'geld het ek nie; maar wat ek het, gee ek vir jou:

In die Naam van Jesus Christus van Nasaret, staan op en loop'

Jesus Christus gee aan ons al die outoriteit wat Hy van Vader ontvang het.

Hier is Petrus slegs besig om sy kapasiteit van geloof in aksie te stel.

'n Mens kan alleenlik dit hê en doen wat hy glo hy het.

Petrus het geglo dat hy Jesus se outoriteit gehad het om te bind en los te maak.

Daarom: Wat vir hom moontlik was in Christus, is nie vir almal moontlik nie.

Die man wat by die Mooipoort gesit het begin nou loop.
Dit veroorsaak 'n opskudding.
Hierdie saak bring hulle voor die owerhede en die regters.
Hulle is dit eens dat daar 'n magtige wonderwerk was, maar wat hulle bekommer is:

Handelinge 4:7

'deur watter krag en in wie se naam het julle dit gedoen?'

Dan kom die antwoord: ***Handelinge 4:8-10***

'toe het Petrus, vol van die Heilige Gees, vir hulle gesê:
Raadslede, en familiehoofde, julle verhoor ons vandag oor 'n weldaad aan 'n siek man en oor hoe hy gesond gemaak is. Julle almal en die hele volk Israel moet weet dat dit in die Naam van Jesus Christus van Nasaret is dat hy hier gesond voor julle staan – dié Jesus vir wie julle gekruisig het, maar wat God uit die dood opgewek het.'

As jy 'n onwrikbare geloof het in die krag van die Naam van Jesus Christus, kan jy ook alles doen wat Hy hier op aarde gedoen het.

Hy self het daardie outoriteit aan ons belowe:
'julle sal groter werke doen.'

Ongelukkig is dit hierdie deel wat die liggaam van Christus wêreldwyd nie opneem en daarmee loop nie.
Die ding wat ons verhoed om die sg. 'groter werke' te doen, is nie van buite af nie, maar van binne af.
Dit vereis dat ons ons geloof sal moet aanpas.

Kom ons roep uit na Jesus om ons te help om te glo soos wat Hy glo.

Hou Sy Woord in jou mond elke oomblik.
Mediteer op sy Woord dag en nag.
Doen wat sy Woord sê om te doen.

Dit is die koninkryksmanier.

2.HOOP VIR ELKEEN

Het jy jousef al ooit in 'n situasie bevind waar jy alle hoop verloor het?

Dis aaklig om in so 'n situasie te wees.

Niemand gaan deur die lewe sonder om een of ander tyd 'n gevoel van hopeloosheid te ervaar nie.

Een ding is egter verseker en dit is dat almal hoop nodig het – sonder hoop is dit onmoontlik om behoorlik te funksioneer. Die hele lewe is ellendig sonder hoop.

Dit is net God wat jou siel met hoop kan kom vul.

Die wêreld is op soek na hoop en dit word op al die verkeerde plekke gesoek.

Die wêreld dink dis rykdom wat hoop en vervulling bring – maar die feit is dat hoop slegs gevind word in die persoon van Jesus Christus.

Romeine 15:13;

'Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees.'

As God aan jou dink is daar nooit kwaadwillige gedagtes om jou skade te berokken nie of om jou leed aan te doen nie. Nee, Hy het slegs die beste vir jou in gedagte – dis Sy belofte.

Maar een ding is seker: Hy begeer om jou te vul met hoop en met verwagting.

Jeremia 29:11;

'Ek weet wat ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie. Ek wil vir julle 'n toekoms gee – 'n verwagting.'

Ons moet besef dat as God vir ons die beste belowe, beteken dit dat Hy die vermoë het om dit te kan gee.

Dit hang nou van jou af om jou sorge en bekommernisse aan hom oor te gee en om in die hoop te glo - wat van Hom af kom.

Die oomblik dat dit vir jou moontlik is om alles oor te gee, verander jou lewe.

Ons dink so baie dat ons sonde te groot is - dat ons God al te veel teleurgestel het - dat ons al te ver weggegly het. Nee, dis nooit te laat om om te draai nie.

Leef elke dag met 'n verwagting.

Ons moet elke dag met hoop gevul te wees omdat ons die God wat ons aangeneem het, ken.

Die kerk behoort die plek van hoop te wees en hoop behoort in ons daaglikse lewe gesien te word.

Gebrek aan hoop het ongelukkig vernietigende gevolge.

God se hoop is van onskatbare waarde en dit word al hoe meer 'n werklikheid wanneer ons daarvolgens begin lewe.

Sou jy jouself vandag in 'n situasie bevind wat hopeloos lyk - kies om nogtans te hoop - ten spyte van enigiets.

Dit beteken om te hoop, ongeag die omstandighede.

Wanneer ons geen hoop en geen toekomsverwagting het nie, begin ons onself verwaarloos en ontwikkel ons 'n gesindheid van onverskilligheid.

Moet nie toelaat dat Satan jou beroof nie.

Verwag God se goedheid in jou lewe - verwag die guns wat van die Here kom, en jy sal oorwinning in jou lewe ervaar.

ONS MOET DORS WEES

Psalm 42:1-2;

'Soos 'n hert wat smag na waterstrome, so smag my siel na U, o God!

My siel dors na God, na die lewende God; wanneer sal ek ingaan en voor die aangesig van God verskyn?'

Hierdie tyd is nader as wat u dink.

Jou uitroep na 'n God wat 'n werklikheid moet word vir jou, voordat jy voor Hom moet gaan staan.

Die stuk in Psalm 42.

Dawid sit in die bek van 'n grot waar hy en sy manne wegkruip vir die weermag van Saul.

Hy kyk uit oor die vallei voor hom.

Skielik hoor hy honde wat blaf en jagters wat nader kom.

Dan is daar 'n geritsel in die bosse voor hom.

Die manne om Dawid maak gereed vir enige aanslag.

Reg voor die grot loop 'n stroom water verby.

Skielik is daar 'n wildsbok, skuim om sy mond en 'n asem wat jaag.

Hy druk sy bek in die water en neem groot slukke.

Hy kom regop en luister, onrustig, maar dan drink hy verder.

Dis wat Dawid sien in sy gees; en sê agterna: 'soos 'n hert smag na waterstrome, so smag my siel na U o God.'

Is dit hoe jy oor God voel – oor Hom dink ?

Jy kan vandag hier sit en baie wetties klink en sê:

'Ek volg die Tien Gebooie, en dit is genoeg vir my.

Dis al wat God van my verwag.'

Asof jy werklik die Tien Gebooie volg!

Vriend, mens het verwyder van God geword en leef ook so.

Jy kort iets baie meer as die Tien gebooie.

Al wat die Tien gebooe doen is om vir jou te wys dat jy 'n sondaar is en dat jy eintlik in opstand teen God is. Jy het geen behoefte of kapasiteit vir Jesus Christus nie.

Ons moet elkeen wedergebore word. Ons het nodig om ingebring te word in God se familie in – op 'n plek waar jy werklik kan sê 'my siel dors na U o God.'

Ons ken **die verhaal van Nikodemus in Johannes 3.**

HOE WERK GOD MET ONS ?

Die Israeliete is nog in Egipte: (Exodus 12)
God verlos hulle eers deur die bloed en dan met krag.
Die bloed van die Paaslam moes eers aan die deurkosyne gesmeer word van al hulle huise.
Dit was vir almal wat in God geglo het.

Daardie nag het die Doodsengel oor die huise beweeg en as daar bloed was, het niemand gesterf nie.
Dit was **redding deur die bloed.**

Daarna kom hulle voor die Rooi see te staan.
Die water gaan oop en hulle stap almal deur.
Hierdie was **redding deur krag.**

MOET NIE GE-PARKEER RAAK NIE:

Ons kan so maklik 'n taak aanpak en vol entoesiasme begin, maar halfpad voel ons dat ons genoeg het en nie wil verder gaan nie.

Die onvermoë van mense om verder te gaan is direk die gevolg dat hulle gelukkig voel waar hulle nou is.
Hulle is tevrede om net daar te bly.

Hulle het iets behaal en skielik verander hulle einddoel.
'Tot hier is genoeg - ons parkeer nou net hier.'

Skielik het hulle visie verloor.

Hulle verloor hulle dryf om te presteer, om nuwe dinge te ontdek, om dinge te bereik wat hulle nog nooit voorheen kon bereik nie.

Alles was so naby – maar nou lyk dit te ver.

Dit gaan so in ons daaglikse lewe en defnitief ook in ons geestelike lewe.

Hoe lyk ons nuwejaarsvoornemes ? Kom sê vir my !

Ons het almal beplan om hierdie jaar 'n doel te bereik.

Ons wou 'n slegte gewoonte aflê.

Ons wou gewig verloor het.

Ons wou meer fiks word.

Ons wou so gou as moontlik ons kredietkaart afbetaal.

In die begin was ons so entoesiasties.

Ons beplan, koop boeke, bespreek taktiek, vuurwarm!

Maar na 'n rukkie het alles vervaag.

Ons het tevrede begin voel oor waar ons is – geparkeer geraak langs die pad.

WAAG DIT OM UIT TE STAP:

Stap uit daardie gemaksone van jou.

Kom ons gaan bergtop toe!

Vertrou God vir meer.

Hy het soveel meer wat hy nog vir jou kan gee.

Kyk na jouself.

Jy mag nie nou stop nie.

Fokus op jou doel.

Besluit ek gaan my volle potensiaal bereik.

Ek moet my kapasiteit vergroot vir meer van die Heilige Gees.

Dis die beste wat ek nou kan gee.

3. GELOUTER DEUR VUUR

Die tyd het aangebreek dat elkeen van ons moet besef:
Die tyd is nou daar om op te staan, heilig te word en te verander om deur God gebruik te kan word.

Ons wil almal God toelaat om ons te verander in bruikbare instrumente.
Maar, ons sal moet toelaat dat Hy ons vorm en louter deur Sy Heilige Vuur.

Johannes die Doper kondig Jesus Christus met die woorde aan:
Mattheus 3:11;
'Ek doop julle wel met water tot bekering; maar Hy kom en Hy sal julle doop met die Heilige Gees **en met vuur.**'

Almal is begerig vir die Heilige Gees maar min is bereid om God se vuur te vat.

Maar, daar is 'n uitnodiging:

DIT IS VIR ALMAL WAT GLO !

Sien in jou gees Jesus afgeloop kom in die gange van die kerk.
In Sy arms het Hy 'n huwelikskleed.

Hy sê: 'Wil jy graag my bekragting hê?
Wil jy my teenwoordigheid en My wonderwerke sien?
Ek roep jou om my bruid te wees.
Is jy bereid dat Ek jou verander ?
Het jy My lief genoeg om saam met My te gaan?'

Hy kom staan by jou en sê:

'Ek roep jou – kom in My Heilige Vuur in.

Jy sal net moet sterf aan jou reputasie, jou teologie en jou godsdienstige dinge.

Jy sal jou vrees moet laat gaan.

Jy sal jou beheer oor mense moet laat gaan.

Jy sal mammon en gierigheid en jou liefde vir die wêreld moet laat staan.

Is jy bereid om te kom – of gaan jy vir die res van jou lewe hier agter in die kerkbanke sit?’

Elkeen van ons moet beseef dat daar ’n tyd kom wanneer jy op ’n altaar hier voor in die kerk moet gaan lê – vrywilliglik. Jy moet jouself offer en toelaat dat God se vuur jou kan louter. Dat Sy vuur al die kaf en hout en stoppels van jou kan wegbrand, sodat net die goud en silwer alleen kan oorbly in jou lewe.

Alles klink wonderlik – maar, jy twyfel.

Jy redeneer: Dit kan my alles kos – selfs my lewe!

Wat sal die prys wees ?

Dis die keuse wat jy moet maak:

Dit gaan ’n pynlike proses wees, maar dit is noodsaaklik.

Dit is noodsaaklik dat dit jou kan verhoog tot op die hoogste vlak van die bediening van mense.

Skielik dink ek terug na die dag toe Jesus my gered het.

Onthou jy die pyn toe jy uitgeroep het vanaf die stukkende ashoop van jou lewe!

Jy was maar net ’n stukkende kleipot toe jy gevind is – goed vir niks.

Met groot liefde en deernis het Hy jou opgetel en gesê:

‘Ek ken jou.

Ek ken jou nog voordat jy was – toe jy nog in jou moeder se skoot was, toe het Ek al alles van jou geweet.’

Hy het jou opgetel en tot in jou diep, binneste binne gekyk en gesê:

‘Ek sal net eers al die klippe en dorings en stokke en vreemde materiaal moet verwyder – jy het dit opgetel op die snelweg van die lewe.’

Toe het **Sy belofte** gekom – vir ons almal:

'Ek het jou gemeet.

Ek het jou lewe gesien.

Ek ken jou toekoms en die bestemming wat Ek vir jou het.

Ek weet die vyand wil jou doodmaak.

Ek weet hy werk teen jou en maak jou moedeloos, maar, moet nie moed verloor nie, want Ek het 'n ander visie vir jou.

Ek het 'n roeping op jou lewe.

Deur My liefde kom daar verhoging na jou toe.

Ek het jou hierheen geroep dat jy My stem kan leer ken.

Ek toets jou hart, my kind.

Ek toets jou liefde vir my.

Sal jy aanhou om my aangesig te soek, of gaan jy wegdraai?'

Hierdie is vir elkeen van ons, op watter vlak ons ook al huidig beweeg.

Stadig begin jy die groter roeping op jou lewe verstaan.

Daar is vir elkeen 'n dieper vlak van bekragtiging wat wag.

Hoe groter die roeping, hoe groter gaan die vervolging wees wat van ander mense af gaan kom.

Dis die prys wat saam met bekragtiging gaan.

Dis nie die reputasie en goedkeuring van mense wat jy nodig het nie.

Dit wat diep in jou gewortel is, is al wat tel.

Wanneer die storms van die lewe gaan kom is dit wat gaan tel – niks sal jou kan beweeg nie.

DIE TYD OM UIT TE GAAN IS HIER:

Wat beteken dit ?

Almal is geroep om 'n verskil te begin maak.

Al die deure van jou huis moet toegemaak wees.

Jou huis moet nou begin oorloop en jou gawes moet begin funksioneer.

God het ons geroep om mense te help verander – om hulle tot bekering te lei en hulle geestelik te help groei.

Hy sê vir ons in **Markus 16:15**

'Gaan nou die hele wêreld in, en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom.'

Vers 17: 'en vir **elkeen** wat glo, sal hierdie tekens volg.'

Hy wil nou klaarmaak om ons te verander, want Hy wil ons uitstuur om andere te gaan aanraak.

Die groot vraag is net:

Is jy gereed om as 'n getroue dienskneg gesien te kan word?

Mattheus 24:45-47;

'Wie is dan die getroue en verstandige dienskneg vir wie sy heer oor sy diensvolk aangestel het, om hulle hul voedsel op tyd te gee?

Gelukkig is daardie dienskneg vir wie sy heer, as Hy kom, op hierdie manier besig sal vind.

Voorwaar Ek sê vir julle, hy sal hom oor al sy besittings aanstel.'

Wat is dan die **twee redes hoekom ons dit nie altyd maak nie ?**

Eerstens: Jy kan so besig raak met die voorbereiding van die voedsel wat die diensvolk moet kry, dat dit later al jou tyd opneem.

Jy mis later God se stem, mis belangrike vergaderings en God se aanwysings – net omdat jy te besig is met klein onbelangrike dingetjies.

Jy probeer so om mense te behaag dat alles later by jou verbygaan.

Dis die een kant van die sloot.

Tweedens:

Dis suiwer my minderwaardigheid, my twyfel in myself en die misleiding oor die jare, wat my in die sloot laat beland.

Dan is die **tydsberekening** so belangrik.
Wag vir God se tyd!

‘n Suksesvolle Christelike lewe beteken nie net hoeveel ons vir God gedoen het nie, maar hoe naby ons aan Hom gekom en hoe gehoorsaam ons geword het.

Jesus kom weer vir jou sê:
‘As my vuur jou nie louter nie, kan My lig nie in jou skyn nie.
Die lig in jou, is My teenwoordigheid.’

Hoe verder jy wegbeweeg van Hom, hoe dowwer sal die lig word.

Dit is nie moontlik om so te loop as jy nie ‘n persoonlike ontmoeting met God elke dag het nie.

Ons moet dag vir dag ‘n bo-natuurlike ontmoeting hê soos wat die Gees oor ons uitgestort word.

Dit is Sy belofte.

Ons moet baie meer verwag van bo-natuurlike dinge as dit wat ons nou ervaar.

Handelinge 2:17-18

‘En in die laaste dae, spreek God, sal Ek my Gees uitstort op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, en julle jongelinge sal gesigte sien, en julle ou menses al drome droom.

En ook op my diensknegte en diensmaagde sal Ek in die dae van my Gees uitstort, en hulle sal profeteer.’

Ons moet nie glo dat die laaste dae sal kom en aanbreek en daar sal nie ‘n geweldige toename wees in profetiese openbaringe en ondervindinge nie.

Die twee doelstellings in jou lewe:

1. Jy moet so naby aan God beweeg, dat al jou gedagtes ook naderhand aan Hom gehoorsaam is.

2. Jy moet meer in die bo-natuurlike realm beweeg, as hier op die aardse.

Soos Moses van ouds, moet God se heerlikheid uit ons uitstraal.

Ons gesigte moet begin blink van Sy heerlikheid.

Die vraag is altyd: Waar is God se heerlikheid?

God se heerlikheid gaan manifesteer deur Sy volk – deur Sy gehoorsames en dié wat rein van hart is.

Jesaja 60:1-3

'Staan op, word verlig; want jou lig kom, en die heerlikheid van die Here gaan oor jou op.

Want kyk, die duisternis sal die aarde oordek en donkerheid die volke; maar oor jou sal die Here opgaan, en Sy heerlikheid sal oor jou gesien word.

En die nasies sal trek na jou lig, en konings na jou stralende opgang.'

Ons beleef die tyd waar duisternis die aarde wil bedek en donkerheid die volke, maar God se heerlikheid is besig om toe te neem oor Sy kinders en dit word al hoe meer sigbaar elke dag.

Al die visies en drome wat mense vandag ervaar, gaan hieroor – God se heerlikheid wat deur sy kinders gaan werk.

Die drome en visies gaan net oor die stryd tussen lig en duisternis, tussen heerlikheid en konflik.

Dit is so dat ek elke dag graag net die heerlikheid wil sien, maar ek weet, die twee gaan saam.

God wil hê dat ons altwee hierdie kante moet verstaan.

Die hele liggaam van God gaan deur 'n metamorfose gaan.

Deur 'n tyd van totale verandering.

Ons was vir te lank soos die wurm wat op die aarde voortgekruip het, maar skielik, eendag gaan ons verander in die pragtigste skoenlapper wat oor die aarde gaan sweef.

So gaan die kerk wat nou ontstaan ook lyk:
Eers net plat hier op aarde, maar skielik in die hemele en in die bo-natuurlike.

`n Magtige demonstrasie van krag en lering en profesie.

Dit is die uiteindelijke doel van al die profetiese openbaringe wat ons ingaan: Om die verheerlikte, opgestane Here te sien en die wete dat Sy outoriteit oor alles op aarde is.

Daar is `n verskil om hierdie dinge in ons gedagtes te sien, en om dit ook met ons harte te glo.

Ons moet nie net die kerk sien verander in ons gedagtes nie, maar die hele "wurm na die skoenlapper" ondervinding moet ons glo in ons harte.

Dit moet deel word van jou bediening – vanjaar nog.

Maak jousef gereed – die koninkryk van God het naby gekom.
Gaan uit en maak `n verskil.

Amen.

4.DIE SOUTVERBOND

`n Tyd gelede het ek `n droom gehad;

Ek staan langs Jesus Christus en in/onder sy linkerarm het Hy `n groterige klipbak.

Die bak is diep en vol met spierwit sout.

Hy roep my nader en begin my hele lyf met die sout smeer met sy regterhand.

Aan my lyf, my gesig en kop en my arms en bene.

Hy sê vir my:

'Dis nodig dat Ek jou sout vir jou toekoms en vir jou bediening.'

Hy het aangehou totdat alles van my wit was en bedek was met sout.

Hierdie droom het my laat soek na die antwoord.

Past. Henry Wright verduidelik dit so:

Mattheus 3:1,2,11,13-17;

‘In daardie dae het Johannes die Doper opgetree en in die woestyn van Judéa

Hy het gepreek en gesê: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom.

Ek doop julle wel met water tot bekering; maar Hy wat ná my kom, is sterker as ek, wie se skoene ek nie waardig is om aan te dra nie. Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur.

Toe het Jesus van Galiléa na die Jordaan, na Johannes gekom om deur hom gedoop te word.

Maar Johannes het Hom ernstig teëgegaan en gesê: Ek het nodig om deur U gedoop te word, en kom U na my toe? Maar Jesus het geantwoord en vir hom gesê: Laat dit nou toe, want só pas dit ons om alle geregtigheid te vervul. Daarna het hy Hom toegelaat.

En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim, en meteens gaan die hemele vir Hom oop, en Hy sien die Gees van God soos ‘n duif neerdaal en op Hom kom. En daar kom ‘n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek ‘n welbehag het.’

Kom ons begin met die drie verskillende **DOPINGS**.

- (1) Die Doop in WATER;
- (2) Die Doping met die HEILIGE GEES – wat volg na bekering;
- (3) Die Doop met VUUR.

(1) Die eerste doping is die doop in water na bekering. Dit is ‘n bewys dat jy bereid is om te sterf aan die ou mens in jou en dat jy nou gereed is vir die nuwe lewe as ‘n nuwe mens. Dis ‘n keuse wat jy as volwassene moet maak.

(2) Die Doping met die Heilige Gees na wedergeboorte lei na die bekragting of salwing (‘anointing’). Dit is God se wil om werke te doen in die Naam van Jesus Christus hier op aarde.

Dit is wat Jesus Christus en die apostels en die vroeë kerk gedoen het in die eerste eeu.

Ons moet tans self besig wees om dit te doen.

Ons het so baie gedink dat die Doping met Vuur beteken die salwing en bekragting.

Nee. Dis die doping en vervulling met die Heilige Gees, wat salwing bring.

Handelinge 10:38;

'Hoe God vir Jesus van Nasaret gesalf het met die Heilige Gees en met krag.

Hy het die land deurgegaan, goed gedoen en almal genees wat onder die mag van die duiwel was, omdat God met hom was.'

Dis die doping van bekragting.

Let op: Die leer van die waterdoop deur Johannes en daarna die doping van Jesus deur God die Vader in die Heilige Gees – dis salwing wat kom na die Doop met die Heilige Gees.

(3) Die DOPING met VUUR is nie die salwing nie.

Dit is die REINING of die SUIWERING of die LOUTERING:

Reining van wat ?

Alles wat in jou oorgebly het na wedergeboorte wat jy nog nie ten volle aan God gegee het nie.

Die Bybel sê dat ek en jy ons eie heiligmaking en saligheid daaglik moet uitwerk met vrees en bewing.

In heerlijkheid word ons stadig verander na Sy ewebeeld.

As alles net vanself gekom het na wedergeboorte sou dinge baie maklik gewees het.

Daar word van onself iets verwag.

Daar is nog net te veel van ons wat maar net voortgegaan het met ons sondige dinge, soos in ons vorige lewe.

O, jy het bely voor God, maar het jy ophou sondig?

Ons sê almal: Ek het ophou kroeë toe gaan; ek het opgehou

pappegaaislaai gebruik en ek het ophou vir ander vrouens loer.

So asof jy hierdie sondes as die belangrikstes gemaak het.

Maar die vraag is:

- * Het jy ophou lieg?
- * Het jy opgehou om in vrees te lewe;
- * Het jy jaloesie en afguns afgelê?
- * Het jy regtig klaargemaak met bitterheid en om jouself te haat oor ou foute?

Nee, jy het ongelukkig aangehou met so baie van jou ou sondes.

Wat dan is ons doel hier op aard?

Om werklik na Sy ewebeeld te probeer lewe.

Dit is die werking van die Heilige Gees in jou – heiligmaking, met die doel om jou suiwer en skoon te kry.

Ons het die 'Bloedverbond'.

Dit is die Nuwe verbond van die Nuwe Testament – geseël met die bloed van Jesus Christus.

Wat is die Soutverbond?

Kom ons gaan terug na die Ou Testament:

Levitikus. 2 : 13:

'En jy moet al jou spysoffers met sout berei, en jy mag die sout van die verbond van jou God by jou spysoffer nie laat ontbreek nie; by al jou offers moet jy sout bring.'

Die woorde: 'Die sout van die verbond van jou God' dui baie duidelik op 'n deel van 'n verbond.

Dit was definitief nie net sommer 'n deel van 'n manier van offer nie – dit was deel van 'n verbond.

Elke keer as ons die woord 'verbond' lees, moet ons oplet.

'n Verbond is baie dieper as net 'n ooreenkoms tussen twee partye. Dis nie net 'n wet-kontrak tussen mense nie.

'n Kontrak is tussen twee partye wat oor 'n spesifieke ding of 'n saak ooreenkom.

Die oomblik as die kontrak klaar is, is dit afgehandel, maw. dit is tydelik.

‘n Verbond gaan tot die dood toe en is vir ewig.

Dis ‘n verbintenis tussen God en jou wat nooit ooit weer verbreek mag word nie.

Net so wil God hê dat Hy moet ooreenkom met jou oor ‘n spesifieke saak.

Hy wil hê dat Hy en jy moet ooreenkom oor ‘n saak - ‘n verbond sluit.

Hy stel die terme van hierdie verbond en in jou hart sê jy:

‘Dis reg so Vader.’

Dis hoe ‘n verbond geseël word – deur geloof en getrouheid.

Nou, vandag is dit moontlik vir jou, deur wat Jesus Christus op die kruis vir jou gedoen het, dat jy kan intree in die troonkamer van God, deur geloof.

Numeri 18:1;9

‘Al die offergawes van die heilige dinge wat die kinders van Israel aan die Here afgee, gee Ek aan jou, en jou seuns en jou dogters saam met jou, as ‘n ewige insetting.

Dit is ‘n ewige soutverbond voor die aangesig van die Here, vir jou en jou nageslag saam met jou.’

Nou hierdie is nie net ‘n verbond met jou nie.

Dis ook nie net ‘n verbond met die Jode nie.

In hierdie geval word hulle ‘Kinders van Israel’ (nie Jode nie) genoem.

Dis ‘n verbond met jou, vir vandag nog.

Vraag: is jy in hierdie verbond met God ?

Hierdie verbond sal jou neem na wedergeboorte tot op die vlak van verantwoordelikheid.

Jesus sê vir ons: ‘As jy my liefhet, sal jy my geboorte onderhou.’

Die opdrag in Numeri 18 is nie net vir jou nie – dis ook vir jou ewige nageslag na jou.

In die Midde-Ooste baie jare gelede was sout baie skaars gewees. Dit is ook in daardie tyd gebruik om produkte mee te preserveer.

In Palestina is sout nog altyd gebruik in verbonde tussen mense. As twee mans 'n ete saam eet en sout tussen hulle deel het hulle net daar vriende geword, al was hulle eers vyande.

Daar is nou nog spreekwoorde in die Ooste wat sê:
'Hy het van my sout ge-ëet.' óf
'Daar is sout tussen ons.'

Die verbond met sout is 'n aanduiding van 'n ewige vriendskap tussen God en Sy mense.

Behalwe as een ding gebeur – dit is sonde.

Sonde sal hierdie verbond verbreek en jy sal 'n deel van jou koninkryk verloor as jy sondig.

God se liefde vir jou is 'n afgehandelde daad deur Jesus op die kruis.

Maar die Bybel is baie duidelik: Jou sonde bring verwydering.

Verwydering van wat? Tussen jou en God.

Daar moet totale suiwering wees om dit te herstel.

Elke mens lewe om eendag een van die twee soorte vuur te moet hanteer.

1. Jy sal die reinigingsvuur van die Heilige Gees moet hanteer;

2. Óf die volkome vuur van die 2de dood, dit is die hel, en sal gegooi word in die poel van vuur.

Jy sal jouself in óf God se vuur óf in Satan se vuur bevind.

Die beste is om nou God se vuur te vat om sodoende

Satan s'n te ontsnap.

Die goeie nuus is dat God se vuur nie vir ewig brand nie.

Dit brand net lank genoeg om al die strooi en kaf en onreinheid uit jou lewe te brand en dan is die vuur verby.

Daar is so baie mense wat na bekering net nooit by hierdie vuur uitkom nie.

Hulle heiligmaking word nooit 'n werklikheid nie en is hulle dan verbaas as die woorde kom: 'Ek het jou nooit geken nie.'

Dit stoot jou uit alles uit, na buite toe, en die deur word vir ewig toegemaak.

Jy bevind jousef skielik in 'n ander plek.

Hier hou die vuur aan met brand – vir altyd en ewig.

Markus 9 : 49 – 50

'Want elkeen sal met vuur gesout word en elke offerande sal met sout gesout word.

Die sout is goed, maar as die sout eers souteloos word, waarmee sal julle dit smaaklik maak ?

Julle moet sout in julle hê en vrede hou met mekaar.'

Die woord 'elkeen' beteken almal: Gereddes of sondaars.

Een sal gesout word met die vuur van God, die ander een sal gesout word met die vuur van sonde.

Jesus Christus was die volkome offer.

Maar nou verwag Hy dat jy jousef sal opgee as 'n lewende, heilige offer voor Hom.

As jy jousef volkome kan offer sal jy gesout word met sout.

Wat is hierdie sout? Dit is die vuur van God.

Dis nooit Satan se vuur nie – nie hier op aarde nie.

God is vir jou net te lief.

Hy sal jou nie deel met duiwels en demone nie.

Luister mooi:

Om gesout te word met sout beteken om gereinig te word met God se vuur. Hoekom?

Sodat jysel later die sout kan wees.

Jy gaan nie net die lig vir die wêreld wees nie en jy gaan

ook die sout vir die aarde wees.

Jy's veronderstel om hierdie planeet geur te gee en dit te reinig.

Jy moet besig wees om ander mense te preserveer.

Waarvoor ?

Vir hulle reis op die ewige lewe.

Hoe preserveer ek my broer / Hoe is ek sout vir hom?

* Gaan na hom toe en wees lief vir hom.

* Dryf die duiwels uit hom uit wat hom treiter.

* Maak sy siekte vir hom gesond.

- * Dra sy laste vir hom.
- * Bou hom op.
- * Hou hom vas.
- * Sleep hom self saam met jou rond totdat hy jou aanvaar.

Wat sê **Markus 9:50**?

'Julle moet sout in julle hê en vrede hou met mekaar.'

Kolossense 4:6

'Laat julle woord altyd aangenaam wees, met sout besprinkel, sodat julle kan weet hoe julle iedereen moet antwoord.'

Mattheus 5:13

'Julle is die sout van die aarde, maar as die sout laf geword het, waarmee sal dit (die aarde) gesout word ?

Dit deug nêrens meer voor as om buite gegooi en deur mense vertrap te word nie.'

Hoor jy wat die Woord sê ?

Jy is die sout van die aarde.

Word gesout dat jy vir ander mense sout kan wees !

Hoe word dit gedoen?

Openbaring 3 : 18

'Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien.'

Jy kan nie gesout word met vuur tensy jy nie jou sonde bely nie:

Vereistes om gesout te word met vuur:

1. Bely jou dooie werke en afgekoelde gesindheid.
2. Stap nou vorentoe in geloof in God.
3. Nou eers begin die drie dopings:
 - * Doop in WATER;
 - * Doping met die HEILGE GEES;
 - * Doping met VUUR.

Die Verbond van Sout is 'n aanhoudende soutproses van God se vuur, om jou te reinig en dit is die hoogste vlak waaroor die Evangelie van Christenskap gaan.

Dit is 'n ooreenkoms tussen jou en God.

Lukas 3:15 - Johannes die Doper wat praat:

'Hy (Jesus) kom, wat sterker as ek is – Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur.'

Jesaja 8 : 18

'Hier is ek en die kinders wat die Here my gegee het – tot tekens en sinnebeelde is ons in Israel, vanweë die Here van die leerskare, wat op die berg Sion woon.'

OPSOM:

Is jy opgerig deur God om vandag 'n teken en 'n wonder te wees ?
Jy kan dit alleenlik wees as jy totaal gereinig is.
Sonder dit sal jy kragteloos wees.

Jou mag en outoriteit oor Satan en sy koninkryk is in direkte verhouding met mekaar en dit hang af van jou gehoorsaamheid aan God.

As jy nog nie daar uitgekom het nie en nie seker is waar jy staan nie, God is vandag hier om dit vir jou te doen.

Hy wil jou reinig – en dit deur die toets van sy vuur.

En dit sal eindig in doping – volkome Doping met Sy Heilige Gees.

5.DIE LIGDRAERS

Die Sleutelwoorde:

1. SOUT
2. VUUR
3. LIG
4. ARBEIDERS

Mattheus 5:14-16;

'Julle is die lig van die wêreld.

'n Stad wat bo-op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie;

En 'n mens steek ook nie 'n lamp op en sit dit onder die maatemmer nie, maar op 'n staander, en dit skyn vir almal wat in die huis is.

Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.'

Hierdie is 'n Bybelse opdrag!

Ek het 'n visie gehad vroeër van die lig wat uit die plek/huis uitgaan en lig oral bring.

Ons word voorberei om uit te gaan en totale restitusie en verandering in die wêreld te bring – en dit begin by die ligdraers.

Wat sê die liedjie?

'Laat ons skyn vir Jesus met 'n helder glans..'

Wat is die doel?

Om die chaos wat boosheid in die wêreld aangerig het om te draai na 'n nuwe skepping in Jesus Christus.

Daar is nou vele opdragte en vereistes wat saam met die lig gaan.

Lig kan altyd gesien en waargeneem en gemeet word.

Maar, daar is in die wetenskap geen manier wat ek aan jou donkerte of duisternis kan toon nie.

'Duisternis beteken net een ding: Daar is nie lig nie.'

Die tydperk van groot duisternis is besig om toe te sak oor die aarde.

Daar was groot duisternis in die verlede – ook vir die kerk, maar nie naastenby so erg soos wat nou kom nie.

Dit is lankal so profeteer dat dit sal gebeur.

Elke groot deurbraak en herlewing in die verlede is nog altyd deur 'n ligdraer begin en voortgesit.

In die tyd waarin ons nou ingaan sal ons nie weer sien dat herlewing deur een persoon begin sal word nie. (slegs `n John Wesley / `n Jonathan Edwards, ens.)

Dit sal nou begin deur Godsmense wat in eenheid saam sal beweeg en `n magtige herlewing sal uitbreek.

Dit wat nou kom is nie net herlewing nie – dis `n rewolusie.

`n Ligdraer het nog altyd `n groot beweging van die Heilige Gees ingelei, bv. die Wesleyaanse kerk-beweging.

Maar, ongelukkig, as sy tyd verbygegaan het, het duisternis maar net weer ingekom.

Die laaste groot beweging van God se Heilige Gees, sal deur lig ingelei word.

`n Groot, eendragtige beweging deur die Heilige Gees.

Hy gaan begin beweeg – ons moet net aanhou saam beweeg.

Die voorwaarde?: Ons moet net bly by **die LIG-GEWER.**

Kom ons kyk na die visie:

Jesus wat na elkeen van ons kom met die opdrag:

'Ek het die lig in jou kom aansteek – maar jy is die een wat moet sorg dat dit nou aanhou skyn.'

In hierdie tyd sal daar baie meer ligdraers opgerig word as in die hele tydperk wat verby is, saam.

Jesus sê dat ons die ander ligdraers sal herken as ons hulle ontmoet – aan die lig **in** hulle en aan hulle karakter.

Dis belangrik om te weet dat al die ligdraers mekaar moet bemoedig en help.

Nie een van ons kan dit alleen maak nie – die aanslagte is net te groot op `n bediening.

Maar saam sal ons in outoriteit beweeg en die oorwinning behaal. Weet: God gee die lig en geen mens kan dit wegneem nie.

Jesus kom sê vir jou:

Die lig in jou, is Sy teenwoordigheid.

Die helderheid en krag van die lig hang van die ligdraer af – nie van Jesus nie. Dit alles hang af hoe naby jy aan Jesus bly – die oorsprong van die lig.

Dit is Sy Woord in jou wat jou instaat stel om jou lig te laat skyn.

Dis Sy Woord wat die heelal beheer en in stand hou.

Die een ding wat vir my belangrik is: Jy het lig in jou.

Jy kan maar net elke dag skottelgoed was, maar meer kragtige dinge vir God doen as hulle wat lande regeer en weermagte lei, maar wat net 'n dowwe liggie in hulle het.

Ek glo dat elkeen van ons geroep is om lig te dra.

Hoekom het daar dan soveel duisternis ook in die kerk kon inkom?

Almal kon dit nie regkry om in Sy teenwoordigheid te vertoef en daarin te volhard nie.

Soveel in die kerk het al met Sy lig begin, maar later afgekoel en flou geword.

Dit het onberekenbare skade aan die liggaam van Christus gedoen.

Nog 'n gevaar:

Om in lig te wandel, beteken dat dit jou 'n sekere mate van invloed oor mense kan gee.

Wat gebeur dan?

Mense begin om meer aandag aan die lig te gee – of meer van die lig vir hulleself te gebruik.

Die gevolg? Die lig en die vertoon word later belangriker as die teenwoordigheid van die Heilige Gees.

Dit het oor jare net aanleiding gegee aan doktrienes en tradisies, wat soveel skeuring en pyn veroorsaak het.

Dit bring net trots en vooropgestelde idees.

Dit alleen het tot dusver al die einde van baie ligdraers veroorsaak, die oomblik as hulle fokus verloor.

Daarom is dit so belangrik dat ons in eenheid moet funksioneer.

Ons moet nie net vir kort periodes effektief wees nie.

Elkeen van ons moet loop en heers oor die 'domain' of die area waarvoor God ons geroep het om te heers.
Hy gee jou die outoriteit oor daardie area – heers daarvoor.

Dink jy jy kan beter doen? Ek vra jou!

Die waarskuwing is:

Tot ligdraers word nie deur die Heilige Gees gedwing om opdragte uit te voer nie.

Almal wat Hom nie meer lief het as die sonde en verleiding nie, se liggie sal uitgedoof word.

Ruk jouself reg. Slaan jouself op die bors en sê: 'Kom in pas met God se Woord in my lewe, dat my lig kan skyn.'

Romeine 8:11;

'En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in my woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook my sterflike liggaam lewend maak deur Sy Gees wat in my woon.'

My mens, hoekom moet die lig in jou skyn ?

Jy moet so skyn dat andere by Jesus kan uitkom – lewendig kan word. Soos wat jy dit doen, so groei jy ook.

Moet net nie die krag van die lig aanbid nie – dis presies wat die New Age misleiding is.

Ons aanbid later die lig – nie meer die Liggewer nie, want ons dink ons eie energieveld veroorsaak die lig.

Dis hoekom ek later self god kan word. Passop!

Weet een ding: Nie een van ons het enige krag uit onself nie. Alles wat positief is, is die krag van die Heilige Gees in en deur ons.

Ons sien baie keer hoe die geringste teenwoordigheid van die Heilige Gees mense kan aanraak en selfs laat val.

In die Bybel sien ons hoe die priesters hulleself moes leer om te bly staan – selfs in die glorie van God se teenwoordigheid. Hulle moes, sodat hulle mense kon bedien.

Al die ligdraers gaan nou dieselfde tydperk binne.

Ons moet toegee en so gewoon raak aan die teenwoordigheid van die Heilige Gees dat ons vas sal staan en mense kan bedien.

Ons het laas keer gepraat oor die Vuur van die Heilige Gees wat alles uit ons moet wegbrand.

Alle hooi en kaf en hout moet uit my lewe uit – net die goud en silwer moet oorbly.

Dis absoluut 'n vereiste vir die lig om deur jou te kan skyn.

Ek is oortuig dit is wat Jesus bedoel het.

Kom lees **Lukas 12:49** – Jesus wat praat:

'Ek het gekom om vuur op die aarde te werp, en hoe wens Ek dat dit al aangesteek was!'

Ons moet bid dat hierdie vuur op ons moet val.

Bid dat die vuur moet kom.

Brand alles uit my uit Here wat nie aan U behoort nie.

God wil die aarde reinig van alle ongeregtigheid.

In die Bybel lees ons wat Jesus sê oor Henog:

Hy het dit reggekry om die oorsprong van lewe, God die Lig self, te ontdek.

Die lig in hom het so helder gebrand dat dit hom sou laat aanhou lewe het.

Daarom moes God hom kom wegneem het, want tot die dood sou dit nie kon regkry nie.

Geen groot Godsman het gelewe en nie andere beïnvloed nie.

God wil ons ook verander in **Manteldraers:**

Elke geslag van ligdraers het 'n mantel van outoriteit gekry.

Soos wat hulle gesterf het, het hierdie mantels op andere geval.

Indien dit dan deur mense opgeneem is het hulle in dieselfde lig begin beweeg.

Soms het daar verdeling van die mantels gekom.

Die gevolg is dat sommiges net 'n deel gekry het.

Soek dan ander ligdraers – dat julle in outoriteit saam kan begin beweeg.

Ek herhaal weer:

Hierdie groot beweging kom wanneer die hele kerk van Jesus Christus in pas kom en begin beweeg.

Geestelike outoriteit vermenigvuldig met eenheid. $1 + 1 =$ nou 3.

Een ligdraer kan 'n duisend teenstaanders laat wegvlug, maar twee kan tienduisend oorwin.

Die eenheid waarin hierdie tyd se boodskappers in loop sal die outoriteit van die mantels wat hulle dra, vermenigvuldig.

Julle sal die ligdraers herken deur die lig wat alreeds in hulle brand.

Hulle sal nooit tevrede wees om net aan 'n godsdienstige groepie te behoort nie, want hulle reik en soek na meer voortdurend.

Hulle soek meer as wat normale sisteme hulle kan bied – meer van die krag van die Heilige Gees.

Hulle het so 'n begeerte om ook aan jou te gee wat hulle het. Onthou die woorde: 'Wat ek het, dit gee ek aan jou!'

Die aarde is oppad om iets te beleef deur hierdie ligdraers wat hulle nog nooit voorheen gesien het nie.

Ons sal loop in die vuur van almal wat ons vootuitgegaan het. So laat ons mekaar help om die mantels te vind.

Ek glo werklik dat God in hierdie tyd ons kapasiteit grootliks gaan vergroot – in die natuurlike en in die bo-natuurlike.

Jesus beloof ons sal Sy heerlijkheid sien.

Hy sê:

'Dit is My wil dat elkeen wat op die aarde is, My sal ken en My wil sal doen.

Dan sal julle vir My kom vra dat Ek my wil sal doen op aarde, net soos wat dit in die hemele is, en Ek sal dit doen.'

Hy belowe om Sy mag en krag te gee aan hulle wat wysheid het en volwasse genoeg is, om dit te gebruik.

Satan gee sy krag aan hulle wat dwaas en onvolwasse is, om deur hom misbruik te word.

OPSOMMING:

- * Die wapens van ons tyd is nie in vlees en bloed nie, maar in geestelike krag.
- * Hierdie krag is in die lewe en in die natuur van God.
- * Hy het gekom om lewe te kom gee – nie om lewe te neem nie.
- * Ons sal boosheid oorwin, deur goed te doen.
- * Ons sal oorwin deur die lewe terug te gee, wat aan ons gegee is.
- * Die oorlog is nog ver van afgehandel – dit lê nog voor en sal eers klaar wees as die oorwinning behaal is.
- * Ons moet nooit 'n stryd stop voordat die oorwinning nie ten volle daar is nie.
- * Die draaipunt het gekom.
- * Die vyand het nou ver genoeg gegaan – ons sal nou begin terugneem, dit wat werklik aan ons koning behoort.

Weer die visie:

- * Daar is dele van duisternis op aarde.
- * Tussen dit alles kom die herders, die leiers, die leraars, die profete en apostels en al God se gehoorsames aangestap.
- * Hulle stap asof hulle nie eers bewus is van die wêreld nie.
- * Om hulle is daar oorloë en gerugte van oorloë – maar niks sal hulle weghou van hulle doel nie.
- * Om hulle staan die kerk van God – gereed om hulle te volg in hierdie laaste groot beweging van God se Gees.

6. INTEGRITEIT

Hierdie is 'n boodskap aan alle medewerkers en arbeiders en ook aan die kerk.

Nie eers die belangrikste mens in die wêreld kan sy posisie van integriteit langer behou as wat God toelaat nie.

Die beste mens in die wêreld kan alleenlik sy posisie van eer net so lank hou as wat God dit toelaat, want dis slegs deur Sy genade wat ons is wat ons is.

As dit net van ons afhang sal ons val en ons vyande sal oor ons triomfeer.

Dit beteken: as God Sy ondersteuning aan ons sal wegneem, sal ons almal val.

Wie is die vyande?

Almal wat teen enige bediening is.

In die middel van vervolging en met boosheid al om hom, het koning David tot God gebid en gevra:

'Laat my vyande net nie oor my triomfeer nie, Here.' **Psalm 41**

God weet dat ons inherent swak is en vol van vrees is wanneer ons staan voor gevaar of vyande wat vir ons sterker lyk as onself.

Dis die tyd wat ons moet leer om op God te vertrou vir hulp.

Dis die tyd wanneer hulle wat ons wil verkleineer of ons wil skaam maak, self skaam sal word.

Dawid vra dit en is hier vir ons 'n voorbeeld:

Psalm 40:5;

'Welgeluksalig is die man wat sy vertrou in die Here stel en hom nie wend tot hoogmoediges en leuendienaars nie.'

Daar kom verseker tye in ons lewe waar ons onregverdiglik gehaat word en vervolgd word – net oor die genade van God in ons lewe.

Mense doen dit wanneer hulle nie kan verstaan wat werklik die fondasie van ons integriteit en sukses is nie.

Die vyand haat my net omdat God vir my lief is!

Skielik sal jy vind dat mense begin vrae vra en die wettigheid van jou geestelike ondervindinge begin bevraagteken.

Elke ding in jou lewe wat dieper gaan geestelik as waar hulle is, sal grootliks afgemaak en ge-opponeer word.

Jy moet een ding besef: Elke nuwe beweging van God se Heilige Gees in sy kinders, sal altyd teengestaan word.

Elke dieper ondervinding in jou bediening, sal afgemaak word.

As hulle faal om jou te diskrediteer sal hulle jou begin name noem en probeer om jou in onguns by mense te bring.
Name soos: 'Toordokter, watergod, okkultis,' ens.

Jesus het nooit iemand gesmeek of gevra om in Hom te glo nie.
Hy het presies geweet dat integriteit nie bewys kan word nie, dit moet verdien word.

Integriteit is nie iets wat ons kan bewys deur sigbare prag of prestige alleen nie.

Jou vyande sal verseker probeer om jou te stroop van 'n vertoon, maar die wysheid en die genade van God oor jou lewe kan hulle nie aan raak nie.

Die aanvalle op jou sal altyd daar wees, maar jou karakter en die gawes van die Heilige Gees sal hulle nie kan aanraak nie, want dit is nie deur mense aan jou gegee nie, maar kom direk van God af.

Hulle kon Josef se veelkleurige kleet wat sy pa vir hom gegee het, van hom wegsteel.
Hulle kon hom van die warmte van sy ouerhuis wegstuur, maar hulle kon hom nooit verwyder van God se liefde nie.

Kind van God, as jy jousef in so 'n posisie vind, moet nie moed verloor nie.

God kan soms omstandighede in jou lewe toelaat om jou te versterk om die groter hoogtes wat vir jou voorlê, beter te kan hanteer.

Dawid het God gevra om toe te laat dat sy vyande nie oor hom triomfeer nie.

Onthou een ding: jy kan nie dink jy sal 'n oorwinning behaal, sonder om te veg en oorlog te voer nie.

Triomf en oorwinning is produkte van oorlogvoering.

Dit beteken: As jy wil oorwin moet jy bereid wees om daarvoor te veg – oorlog te voer in die gees.

In my eie lewe was daar baie veldslae – baie konfrontasie.

Die bediening wat God aan my kom gee het as 'n apostel het baie wenkbroue kom lig – veral in die kerk.

Maar kon ek vir een oomblik terugstaan van my roeping?

Hoe meer die opposisie, hoe groter was die geleentheid om nader aan God te kom.

Ek het geweet dat by God is aanvaarding en krag.

As goud as goud wil dien, moet dit deur die vuur gaan.

Dit moet gelouter word – dan eers is dit iets werd.

Weet vandag: As 'n kleipot sterk wil wees, moet dit deur intense hitte gaan.

Net soos wat goud getoets word deur vuur – net so word menslike karakter getoets deur die vuroond van vernedering – die oond van diskreditering.

Ek wil net aan God al die eer gee.

Hoe meer die vervolging, hoe meer trek ons God se aandag en Sy vertrouwe.

Daar is altyd promosie na ons oorwinnings.

Sy krag en Sy guns oor ons lewe, frustreer en verswak ons vyande

As God ons Sy krag gee, verwyder hy dieselfde tyd ook alle hindernisse.

Gaan lees vanaand ***Rigters 11.***

Dis die verhaal van Jefta.

Dis die verhaal van iemand wat totaal verwerp was, maar teruggekeer het om 'n magtige man te word.

Hulle het hom verwyder van alles wat aan hom behoort het.

Sy familie, sy vader, sy moeder.

Die half-broers verwerp hom totaal.

Niemand wil met hom ge-assosieer wees nie.

Nou as jy die resep wil hê van 'n behoefte aan liefde: hierdie een is bo aan die lys.

Maar, Jefta het teruggekom - as 'n held.

Die integriteit was altyd in hom.

God het dit daar belê met 'n doel.

Soms wil God iemand nederigheid leer, om daarna hom op te hef om die hoeksteen van geboue te word.

Die drie grootste herders van Israel is Josef, Moses en Dawid.
Al drie is verwerp en deur mense vervolgd en aangeval, voordat God hulle opgerig het as groot leiers.

Dis hoe God sy dienaars voorberei vir die diens waarvoor Hy hulle bestem het.
Soms laat hy eers hulle probleme toe, voordat Hy hulle laat optree.

In die geval van Jefta.
Hy is totaal deur sy familie en broers verwerp en verjaag.
Hy vlug na 'n vreemde plek toe.
Ek is oortuig daar was rebellie en opstandigheid en verwerping in hom.

Op hierdie vreemde plek ontmoet hy vreemde mense.
Hier leer hy alles van fisiese oorlogvoering.
Alles van militêre optredes en taktiek.

Hoeveel het hy mense vertrou? Ek glo niks.
Wel, hy het geen rede gehad om iemand te vertrou nie – almal het hom verwerp – waarom sou hy?

Maar, dit wat hy hier leer en die ondervinding wat hy hier kry – God het 'n plan gehad daarmee.
Dit maak later dat al hierdie ondervindinge hom laat uitstyg en word hy die nuwe leier van Israel.

Die bybel sê dat agv. sy verwerping, en omdat niemand hom wou gehad het nie, was hy nou gereed om te neem alles wat God hom wou aanbied.
Dis wat hom instaat gestel het om die groot uitdagings te kon hanteer.

Ons moet besef:
God wil elkeen van ons toerus met die krag uit die allerhoogte.
God sal snaakse toestande en gebeure gebruik om dit reg te kry.

God maak Jefta sterk onder sy omstandighede.
Hy gee aan hom 'n gees van 'n wenner - 'n gees van dapperheid en krag.
Gaan lees hoe hy die oorwinning behaal het.

Ons oorlog is nog ver van klaar af.

Mattheus 5:10-11; Jesus wat praat:

'Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolg en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om My ontwil.

Verbly en verheug julle omdat julle loon groot is in die hemele; want so het hulle die profete vervolg wat voor julle gewees het.'

Nou wat is die uitdaging dan vandag ?

Ons het nog altyd die lewe van Jesus Christus as voorbeeld.

Hy kom aarde toe met één groot doel – om verandering te bring.

Hy het nie net gekom om ons te leer bid: 'Vader, laat U koninkryk op aarde kom, net soos in die hemele', nie.

Hy het ons die 'hoe om te maak' kom wys deur Sy lewe, Sy integriteit, Sy aksies en bediening.

Kan ons dieselfde doen?

Wat het Jesus ons kom gee?

Oë, ore en vlerke.

Oë beteken die vermoë om in die Gees te begin sien.

Ore beteken om meer direk van die Gees te hoor

Vlerke is die teken van die profetiese bediening – om hoër te vlieg.

Vlerke om hoër te vlieg as wat jy nog ooit voorheen gedoen het.

Die vermoë om nog meer te sien en nog meer te weet.

Hierdie is nie net vir 'n paar persone nie, maar vir die hele kerk.

'n Nuwe dimensie van sien, van wysheid en van die profetiese.

Die tyd is hier om die standaard en verwagting van ons geestelike lewe op te lig en te kyk hoeveel ons van God kan sien en weet.

Ons geestelike persepsie moet nou meer ingeoefen word, dat ons meer visies, drome en geestelike ondervindinge kan hê.

Ek is moeg daarvoor dat die wêreld, die duiwel, mediums en hekse en die New Age beweging, ons erfporie kom steel en dit verander en namaak.

Hulle beweeg in die bo-natuurlike, maar eintlik is dit ons wat veronderstel is om dit te doen.

Bo-natuurlike ondervindinge is wat ek en jy elke dag moet belewe – maar ons doen dit nie !

God se vermoë om jou toe te rus daarvoor is baie groter as die Satan se vermoë om dit by jou te steel!

Kom ons gaan maak die verskil.

7.ONS BELYDENIS

Christenskap word genoem 'Die groot belydenis.'

Dit beteken dat ek kan sê ek besit iets, voordat ek dit werklik het.

Romeine 10: 9-10;

'As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding.'

'That if you confess with your mouth, "Jesus is Lord," and believe in your heart that God raised him from the dead, you will be saved.

For it is with your heart that you believe and are justified, and it is with your mouth that you confess and are saved.'

Hierdie belydenis maak die deur oop vir geloof.

Ek kan sê: Ek is nog nie gered nie, maar my positiewe belydenis maak dat ek verseker gered gaan word.

Ek kan ontvang en iets besit agv my belydenis.

Ons belydenis gaan oor Christenskap.

As 'n Christen is jy dit wat jy bely met jou mond en glo in jou hart.

Dit wat jy uitspreek, sal gebeur.

Ons geloof kan nooit verder gaan as dit wat ons met die mond bely nie – dit wat ek elke dag uitspreek.

Jyself kan net die beperking bepaal met 'n negatiewe uitspraak, bv.

'Ag, ek sal seker nooit geestelik groei nie.'

'Ek kan nie God se stem hoor nie.'

Jou belydenis elke dag maak die pad oop vir geloof.

Die belangrikste belydenis elke dag is jou woorde dat jy Jesus liefhet en Hom aangeneem het as Verlosser – en dat jy sekerheid het van jou saligheid.

Daar kan geen aksie van Jesus se kant af wees, sonder dat jy die woorde van redding uitgespreek het nie.

As jy nie elke dag voorspoed en Sy guns oor jou lewe uitspreek nie, sal jy dit nooit ervaar nie.

Daar is net geen plek vir 'n stil geheime agent met 'n geheime godsdiens waarvan niemand iets moet weet nie.

Jou belydenis is die ding wat die wêreld uitdaag.

Dis jou woorde wat 'n standaard stel vir ander om by uit te kom.

Dis wat mense uitdaag om ook te verander.

Dis wat mense uitdaag om ook in geloof te wandel.

Ons bely Jesus voor die wêreld.

Ons bely die volheid van Sy genade.

Ons bely die integriteit van Sy openbaring.

As ons bely dat ons vryheid ontvang het van Jesus en dat Hy ons volkome vrygemaak het, sal God ons belydenis 'n werklikheid maak.

Spreek dit net elke dag uit en glo dit !

As ons daaglik Sy Woord lees en dit wat ons lees lewe, sal Hy toesien dat dit werk ook in ons lewens.

Wat ons bely sal ons verseker ook in besit neem –

'confession gives us possession.'

Dis die een ding wat ons moet uitroep oor ons kinders, oor ons mans en vrouens, oor die kerk en vir die wêreld:

Roep: 'My belydenis in Jesus gee vir my die ewige lewe – en ek is verseker daarvan!'

As ek elke dag bely dat ek deur Sy wonde genesing het – sal ek genesing ontvang.

As ek elke dag bely dat die Seun my vrygemaak het – sal ek in vryheid wandel.

As ek elke dag bely dat Hy my nooit sal begewe en my nooit sal verlaat nie – sal ek sy teenwoordigheid in my lewe het met elke tree wat ek gee.

Deur my belydenis elke dag is ek of gered of verlore.

Deur my belydenis is ek of sterk of swak.

Deur my belydenis het ek elke dag genoeg, of lei ek gebrek.

'n Aanhoudende belydenis van mislukking, sal jou indryf in mislukking.

'n Mens kan 'n christen wees deur wat jy sê, maar as jou hart dit nie ook bely nie, mislei jy jouself.

Jy sal nie net oor mislukking praat nie, jy sal jouself definitief in dit inkry.

Die Bybel sê baie duidelik dat wat in ons hart aangaan, by ons monde sal uitkom.

Een ding moet ons weet: Eendag sal ons almal rekenskap moet gee oor elke woord wat by ons monde uitgekom het.

As dit nie inpas by elke waarheid in God's Woord nie, kan dit teen ons tel - veral woorde wat niksseggend, afbrekend of verwoestend is.

Ons onvermoë om Christus die ware plek in ons hart te laat inneem is die rede waarom ons so met ons geloof sukkel.

Hoe ons ons hart en ons gedagtes beheer, beheer ons geloof en of ons heilig lewe of nie.

Spreuke 4:23-24;

'Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorsprong van die lewe.

Verwyder van jou die valsheid van mond, en hou ver van jou af die verkeerdheid van lippe.'

'Above all else, guard your heart, for it is the wellspring of life.'

Kolossense 3:1-2;

'As julle dan saam met Christus opgewek is, soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit.

Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie.'

'Our confession gives us possession.'

Het jou belydenis die afgelope week jou probleem opgelos?
Het jou belydenis vir jou oorwinning gegee?

As dit nie so is nie, weet, wat jy bely met jou mond, kom nie uit jou hart uit nie.

Wat is vir ons almal moontlik as ons dit in ons harte glo, en met ons monde bely?

Alles wat God as belofte aan ons gegee het.

Ons strewe: Om rein van hart en gehoorsaam te wees.

Dis so belangrik om **ter opsomming** net weer te besef:

Ons sal nie ontvang en ooit uitstyg hoër as ons belydenis nie.

Ons sal nooit dit wat God vir ons beplan in besit neem, sonder om dit in geloof te vat nie.

As ons net daar kan kom, is dit die beginpunt waar God jou kan begin gebruik.

Wat gee my outoriteit: **LIEFDE.**

8. WONDERWERKE IN EN OM JOU

’n Weduwee het as lewensmiddel slegs ’n bietjie olie in haar huis tot beskikking gehad. In die geloof moes sy waag en met haar bietjie olie soveel leë kanne moontlik vul.

’n Wonderwerk gebeur: Vir solank as wat sy die leë kanne bly volmaak, het die olie bly vloei.

Al wat jy nodig het om ’n wonderwerk in jou lewe of bediening te kry, is dalk alreeds in jou huis tot jou beskikking. Jy moet dit net raaksien en ander leë lewens daarmee begin volmaak.

Wonderwerke in jou lewe mag nooit die eer kry nie – net die Wonderwerker, wat dit doen soos en wanneer Hy wil.

Die begrip wonderwerke is hier baie breed.

Dit is God se beskerming, God se voorsiening of die rigting wat God in jou lewe aandui.

Dit verwys nie net na die goed in jou huis nie, maar ook na die dinge in jou geestelike lewe.

Dit beteken eintlik dat die antwoord op jou behoefte begin gewoonlik met iets wat binne jou bereik of binne jou vermoë is of wat alreeds in jou besit is.

Soms is die sleutel tot wonderwerke om slegs die net aan die anderkant van die boot in te gooi.

God het vir Moses gevra: ‘Wat het jy daar in jou hand?’

Jou grootste wonderwerk begin dalk soos Moses s’n – met iets in jou hand.

Ek het lankal besef dat dit wat ek nodig het om ’n magtige groep mense hier op te lei, alreeds hier binne in die groep was.

Elke sakeman moet besef dat die sleutels tot sukses alreeds in sy hand of binne in sy organisasie is.

In elke kind skuil die potensiaal om ’n wonderwerk te word.

In jou lewe of in jou huis het God alreeds die saad geplant wat kan ontkiem en die antwoord kan word op jou grootste probleem.

In ons christelike wandel bevind ons onself baie keer in 'n tipe woestyn-situasie. Alles maak skielik nie saak nie en alles voel asof dit net stilstaan.

Maar...goeie saad kan vir so baie jare dormant lê in die droë sand, dat dit lyk asof daar nooit weer lewe daarin kan wees nie. As die reën egter kom, blom die woestyn soos 'n tuin.

Baie mense ervaar dat hulle vir te lank in die droë woestyn was – en voel hulle maar min lewe hier binne.

Lewe is egter orals, dit wag net om te voorskyn te kom – klein saadjies wat wag om groot te word – soos die saad waarmee Jesus sy koninkryk vergelyk het. **Markus 4:30-32**

'En Hy het gesê: Waarmee moet ons die koninkryk van God vergelyk, of met watter soort gelykenis moet ons dit voorstel? Dit is soos 'n mosterdsaad, wat die kleinste is van al die soorte saad op die aarde wanneer dit in die grond gesaai is; en wanneer dit gesaai is, kom dit op en word groter as al die groentesoorte en maak groot takke, sodat die voëls van die hemel onder sy skaduwee nes kan maak.'

Hierdie is die begin van 'n groot klomp wonderwerke wat hier tussen ons gaan gebeur:

Ek wil hulle noem:

1. Wat is daar in jou hand? ('n staf)
2. Sê my wat het jy in die huis? (olie)
3. Is jy gereed om te beweeg as die spruit opdroog?
4. Glo in vreemde voorsieners (kraaie voed Elia)
5. Hoeveel brode het jy beskikbaar?
6. Is die wyn op die troue klaar?

1. WAT IS DAAR IN JOU HAND?

Elke keer wanneer 'n sweep die rug van 'n Hebreër oopgekloof het, het Moses ineengekrimp oor die onmenslikheid van die Egiptiese slawedrywers.

Waarom moes sy mense so baie ly?

Na die moord op een van die slawedrywers word hy 'n vlugteling wat vee in die woestyn moet oppas.

Een vraag het saam met hom gegaan: 'Here, waarom help U hulle nie?'

Uiteindelik praat God met Moses in die brandende braambos: 'Waarom verlos jy hulle nie Moses?'

Hiervoor was Moses egter nie te vinde nie:

'Wie is ek dat ek na Farao sou gaan en die kinders van Israel gaan verlos?'

Daarop vra God vir hom: 'Wat is in jou hand?'

Moses antwoord: 'n Staf.'

Sommige mense is net soos Moses: Hulle sien 'n behoefte raak maar hulle glo dat hulle niks daaraan kan doen nie.

'Wie, ek? Hoekom ek?'

God sê egter aan Moses dat hy moet kyk wat hy op daardie oomblik in sy hand het en dit moet neem om in die behoefte te voorsien.

Die voorwaarde vir die wonderwerk wat gaan kom:

God moet net toegelaat word om hom te help.

Die sleutel tot sukses is dus om die behoefte raak te sien en God toe te laat om dit wat in jou hand is, te gebruik.

Die eenvoudige staf van Moses, het die staf van God geword.

Daarmee het Moses die wonderwerke voor Farao gedoen.

Hy het plaë op die land laat neerdaal, die see laat kloof en water uit die rots laat vloei.

God gaan in hierdie tyd weer ons beperkte vermoëns begin gebruik vir groot wonderwerke.

Die geheim is net om nie na ons eie onvermoëns te kyk nie, maar na God.

Wat vir ons na iets gering lyk, die staf in jou hand, kan die staf van God word.

Luister na wat Paulus sê in **2 Korinthieërs 12:9**;

En God het vir my gesê: ' My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring.' Baie liever sal ek dus in my swakhede roem, sodat die krag van Christus in my kan woon.

God kies baie dikwels mense vir 'n sekere werk uit, wat nie beskik oor die vermoë om dit te voltooi nie.

Jy moet net bewus wees van wie jy in Christus is, dan sal daar hierdie jaar nog wonderwerke in jou lewe gebeur.

My vriende, julle moet vanaand een ding besef: Heel dikwels gebruik God die behoefte van ander mense om Sy krag en Sy plan vir jou lewe aan jou te openbaar.

As jy oorweldigende uitdagings in die gesig staar, wend jou tot God en vra Hom om jou te laat sien of die wonderwerk nie alreeds in jou hand is nie.

As jy dit herken, offer dit dan aan God in die geloof dat Hy Sy werke deur jou kan volbring.

In ons benoudheid moet ons leer om op God te vertrou en Sy wonderwerke raak te sien.

Ons moet net vanaand klaarmaak met ons minderwaardigheid en die twyfel in ons hart.

2. SÊ MY, WAT HET JY IN DIE HUIS?

Daar was eendag 'n weduwee wat 'n groot klomp skuld gehad het. God wil haar omstandighede vanaand gebruik om aan jou te wys dat daar 'n wonderwerk vir jou wag.

Kom ons leer dat God die groot voorsiener is in elke situasie.

2 Konings 4:1-7;

'En 'n sekere vrou uit die vroue van die profete-seuns het na Elísa geroep en gesê: U dienaar, my man, is dood, en u weet self dat u dienaar die HERE gevrees het; nou het die skuldeiser gekom om my twee kinders vir hom as slawe te neem.

Toe sê Elísa vir haar: Wat kan ek vir jou doen? Gee my te kenne wat jy in die huis het. En sy antwoord: U dienares het glad niks in die huis nie, behalwe 'n flessie met olie.

En hy sê: Gaan leen vir jou van buite af kanne, leë kanne van al jou bure; leen nie te min nie.

Gaan dan in en sluit die deur agter jou en jou seuns toe, en giet in al daardie kanne en sit weg wat vol is.

Sy het toe van hom af weggegaan en die deur agter haar en haar seuns toegesluit; en terwyl hulle vir haar aanbring, giet sy in.

Sodra die kanne vol was, sê sy aan haar seun: Bring vir my nog 'n kan aan; maar hy antwoord haar: Daar is geen kan meer nie. Toe gaan die olie staan.

Daarop kom sy om dit die man van God te kenne te gee; en hy sê: Gaan verkoop die olie en betaal jou skulde; van die orige kan jy en jou seuns dan lewe.'

Wat leer ons hieruit?

Wat is nodig om 'n wonderwerk te laat gebeur?

- (1) **Weet waarheen om te gaan as jy nie weet wat om te doen nie:**

Hier was 'n weduwee sonder 'n inkomste, 'n enkelouer en boonop sonder enige voedsel in haar huis.

Die skuldeisers was op haar nek – as sy nie onmiddellik betaal nie, sou sy haar kinders verloor.

Al wat in haar guns getel het, was dat sy geweet het waarheen om te gaan: slegs God kon 'n wonderwerk laat gebeur; daarom wend sy haar dus tot die profeet.

Of ons 'n wonderwerk al dan nie gaan beleef, hang af waarop ons ons verwagting plaas. As ons voortgaan om op mense te vertrou, sal ons elke keer teleurgestel wees.

Die grootste stryd in die lewe is geestelik van aard, daarom moet daar geestelike bronne wees as ons wil hê dinge moet verander.

(2) Vind uit wat is in die huis.

Soos die weduwee, word ons so vasgevang deur wat ons nie het nie, dat ons die moontlikhede wat reeds tot ons beskikking is, nie raaksien nie.

Nadat Elisa haar geloof in die regte rigting gestuur het, vra hy: 'Wat het jy in die huis?' Sy het nie verstaan nie, maar God het alreeds begin om 'n wonderwerk te doen.

Netso verstaan ek en jy ook nie as die dinge begin gebeur nie.

(3) Moenie verblind word deur negatiewe dinge nie, wees positief.

Ons eerste reaksie op 'n krisis is altyd negatief. Niks is goed of reg nie en daar is geen hoop nie. Hoor wat sê die weduwee: 'Ek het glad niks in die huis nie, behalwe 'n flessie olie.'

(4) Geloof is nie geloof totdat jy iets gedoen het nie – optrede word vereis:

Om 'n siekte te diagnoseer is geen oplossing nie, maar dis die eerste stap in die rigting van genesing. Opvolgaksie word vereis as iets goed daarvan moet kom.

Elisa het dus aan haar advies gegee om iets te begin doen.

Sy moes uitgaan en soveel moontlik houers gaan leen – jy moet iets begin doen as jy 'n wonderwerk te wagte is.

Meeste mense verwag dat God namens hulle moet optree – hulle het egter nodig om uit die skip uit te klim – dis al wanneer die wonderwerk sal begin.

(5) Moenie beperkings plaas op God se vermoë om te voorsien nie.

'Wat gaan die kinds ou weduwee met al daai kanne maak?' het al haar bure gevra.

'Sy is nou sowaar heeltemal van lotjie getik!'

As jy so desperaat soos hierdie vrou was, sou jy ook enige iets gedoen het om jou uit jou penarie te red.

Wat die profeet haar gevra het, het sy gedoen.

God werk deur ons positiewe verwagtinge.

(6) Maak die deur van twyfel toe !

Die sleutel vir die wonderwerk hier is wat gebeur het nadat sy die kanne van haar nuuskierige bure gaan leen het.

Sy moes in die huis ingaan en die deur agter haar en haar seuns sluit. Sluit die ongelowiges uit jou lewe uit!

(7) Gooi totdat daar niks meer oorbly nie.

Sy moes in geloof net voortgaan. Terwyl sy gegooi het, het die olie gevloei.

Ons moet aanvaar dat sy elke beskikbare kan in die dorp gaan leen het, want as daar meer kanne was, sou die olie vandag nog gevloei het!

(8) Onthou, daar sal altyd genoeg wees:

Elisa sê vir haar: 'Van die orige kan jy en jou seuns dan lewe.' God het genoeg voorsien om te verseker dat daar altyd in jou nood voorsien sal wees.

OPSOMMING:

Baie mense verlang dat God 'n wonderwerk in hul lewens moet verrig, maar wil nie reageer wanneer Hy hulle opdrag gee om iets te doen nie – gewoonlik net omdat hulle te bang is om te waag.

Wanneer die uitdaging opduik om iets te doen, soek hulle net vir nog een teken – en so met die tekensoekery verdwyn ook die wil om oor te gaan tot aksie.

Ek sê baie: Begin net – en kyk wat gaan gebeur.
Vir my het dit gewerk, ek glo dit kan vir jou ook.

Ek glo in mense en ek glo in wonderwerke.
Vir solank as wat ons uitgedeel het, het die olie bly vloei.

God kan dit vir jou ook doen.

Dis nie net dat God aan jou 'n wonderwerk wil gee nie, Hy wil van jou 'n wonderwerk in iemand anders se lewe ook maak.

Besluit vandag nog om 'n gewer en uitdeler te word. Jy mag dalk net ontdek dat die wonderwerk in die huis is.

- * Vergeet wat agter jou lê.
- * Waag uit in die dieptes in.
- * Vind 'n paar leë kanne en begin hulle volmaak.
- * Wat Hy ookal vir jou sê om te doen, doen dit.

9.DIE VLEES TEEN DIE GEES

Elke Christen is veronderstel om elke dag besig te wees om homself voor te berei vir die bediening van mense en vir die gawes van die Heilige Gees.

Besig te wees met die Groot Opdrag.

Ons is ook so besig om ons voor te berei vir die hiernamaals.

Dis belangrik om daarop te let dat die **BRUID** nie die kerk is nie.

Alleenlik **hulle** in die kerk, wat rein van hart en skoon en gehoorsaam is, is die bruid.

Voor jy kan rein en skoon wees, moet jy 100% vrug van die Gees en 100% geloof hê.

Wat is die vrug van die Heilige Gees ? KARAKTER
Alle persoonlikheidstipes is VLEES.

Genesis 1:26;

'God sê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers.'

Genesis 2:7;

'God het mens geskape uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas.

So het dan die mens 'n lewende siel geword.'

Die gees was die hoogste en belangrikste deel van lewe.

Die siel en die liggaam was ondergeskik aan die gees.

Wat gebeur met mens in die Tuin van Eden ?

Genesis 2:16-17

'En die Here God het aan die mens bevel gegee en gesê: Van al die bome van die tuin mag jy vry eet,

maar van die boom van kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe.'

Ons weet hulle het daarna albei van die boom van kennis van goed en van kwaad ge-ëet. Eers Eva en toe Adam.

Genesis 3:7

'toe gaan altwee se oë oop, en hulle word gewaar dat hulle naak is.'

Albei verloor hulle geestelike oë, en kry fisiese oë in plek daarvan.

Indien dit sou gebeur het dat mens se gees en sy siel kon bly in die staat van skepping, sou die liggaam vir ewige kon lewe het.

As die mens sy wil uitgeoefen het en slegs van die bome van Lewe ge-ëet het, sou God se eie lewe in hulle gees ingegaan het en hulle siel en liggaam verander het in onverganklikheid. Transformasie in ewige lewe.

Hulle sou nou geen eienskappe van veroudering gedra het nie.

Maar omdat hulle van die boom van goed en van kwaad ge-ëet het, is die menslike gees uitgelig en so is die geesmens onderdruk.

Die boom van Lewe bring
GEESTELIKE LEWE voort;

Boom van goed en kwaad, bring
VLEES-LEWE voort.

Hoor wat sê God: **Genesis 3:22**

'Die Here sê: Nou het die mens geword soos een van ons deur goed en kwaad te ken.

As hy nou maar nie sy hand uitsteek en ook van die boom van die lewe neem en eet en lewe in ewigheid nie.'

As Adam daarna net weer kon eet van die boom van die Lewe, sou hy weer kon lewe vir ewig !

Maar heelaas hy het nie.

Ons hoor elke dag die stem in onself.

Hoe klink dit ?

Die stem van die **gees**: gewete en intuïsie;

Die stem van die **siel**: emosies;

Die stem van die **liggaam**: gedagtes.

Jy moet elke dag self kies na watter stem wil jy luister.

Ons menslike gees is aan die slaap tot met wedergeboorte.

Daarna word dit lewendig en moet nou geleer word om beheer oor te neem van die res van die liggaam.

As dit nie gebeur nie, bly dit 'n embrio of 'n kind, ipv. om te groei tot volwassenheid.

Hoe tree ongelowiges op?

Hulle word beheer deur die **Vlees**.

Vlees is die siel en liggaam tesame.

Om in die vlees te wees, is om nog onder die wet te wees.

Lees **Galasiërs 5:18**

'maar as julle deur die Gees gelei word, dan is julle nie onder die wet nie.'

Agv. die vleeslike begeertes van wellus en die passie van die siel, word jy 'n slaaf, daar waar die siel en die liggaam – dit is die vlees, beheer het.

Elke dag probeer die Heilige Gees om deur te breek, en dit deur jou gewete.

Maar almal weet dat die gewete naderhand ophou om te smag na God, en stil word.

Genesis 6:3

'Toe sê die Here: My Gees sal nie vir ewig in die mens heers nie, omdat hy ook vlees is.'

Die uiteinde: Die siel en die emosies het die geestelike outoriteit totaal oorgeneem.

Ons moet weet dat wedergeboorte ons nie net neem uit duisternis tot in die lig nie, maar ook in die **bo-natuurlike lewe van God**.

Jy aanvaar God se bo-natuurlike krag en teenwoordigheid deur die Heilige Gees in jou.

Baie van ons raak wedergebore en jou ou sondes word vergewe, maar soms het jy nou 'n groter stryd as ooit tevore. Jy moet weet dat Satan nou ook jou rekord getrek het.

Die groot doel is om 'n geestelike Christen te eindig, en nie 'n vleeslike een nie.

Dit beteken:

1. Geestelik : die Heilige Gees beheer alles in jou lewe.

Galasiërs 2: 20

'Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my.'

2. Vleeslik:

- * Hulle word beheer deur emosies en gevoelens, al is hulle lief vir die Here.
- * Die vlees lig die "self-wil" op, hoër as God se wil.
- * Hulle sal God dien, maar slegs soos wat hulleself wil.
- * Die vlees opponeer en onderdruk die Heilige Gees deur om op eie krag en sterkte te lewe, ipv. op God se genade.
- * Al is die Heilige Gees in hulle, sal hulle gees en liggaam, naderhand die siel volg in sy sonde.
- * As hierdie proses te lank aangaan, verhoed dit later dat God se redding jou bring tot op jou volle potensiaal.
- * Hierdie mense soek ook na geestelike ondervindings, maar ervaar niks en voel ook nie asof daar iets gebeur nie.

Een gevaar vir ons almal is **die eie ek**.

Ek moet oppas om nie self naderhand te besef dat ek met die vlees sit nie.

Jy sien dit so maklik in ander raak, maar mis dit in jou eie lewe.

As jy nie andere wat beter as jyself is kan aanvaar nie, sit jy dalk self met die vlees.

Die een teken van die vlees is dat jy nie kan aangaan met jou eie besigheid nie en ophou om altyd oor andere te skinder en ander mense te bespreek nie.

Jy mag geen opinie oor iemand anders hê nie.
Een groot reël: Die vlees mag nooit die Gees kritiseer nie.

Tekens van die vlees: Wat gebruik die vlees ?

1. Voeding: Kompulsiewe gedrag en mense kan nie hulleself beheer nie. Die groot gevaar is ooreet.

Maak klaar.

Al wat dit veroorsaak is veroordeling en skuldgevoelens.

2. Reproduksie: gebruik wat seks veronderstel is om te wees in die huwelik en verdraai dit in wellus.

3. Self-verdediging: opponeer alles en almal wat interfereer met jou gemak en jou plesier.

Baie maklik op jou perdjie en baie liggeraak.

Mense wil later nie by jou wees nie of met jou praat nie.

Wat ons sien is selfsugtigheid en eie-opinies.

Wat is die werke van die vlees ?

Galasiërs 5:19-21

'En die werke van die vlees is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid, afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap, afguns, moord, dronkenskap, en dergelike dinge. ..en dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie.'

Ons moet mooi besef dat as God na die vlees kyk, Hy dit as uiters korrump sien, en dat dit gladnie na iets verander kan word wat vir God aanneemlik is nie.

Dit moet STERF.

Met wedergeboorte is vir ons 'n nuwe lewe gegee sodat ons die vlees kan kruisig en dit afsterf.

Met wedergeboorte is daar vir ons totaal voorsiening gemaak om alle vlees uit ons uit te kry deur die Heilige Gees, sodat ons meer geestelik kan word.

Dit is alleenlik wanneer die Heilige Gees aan jou openbaar wat die werklike aard van die vlees in jou is, dat jy dit kan begin hanteer.

Bid daagliks vir die openbaring daarvan in jou lewe.

Die grootste stryd wat ons het, is dat ons self die vlees wil kruisig deur ons eie krag, deur ons eie wil en ons siel.

Ons bid, ons lees en leer en ons vertel aan onself om op te hou

dit doen en dat doen, maar ons hou net aan teugval.

Onthou: jy kan nie die vlees mak maak nie – dit moet sterf.

As jy in opregtheid glo en die Heilige Gees toelaat om jou probleem aan jou te openbaar – sal die Gees dit vir jou doen.

Niks wat ons kan doen kan 'n permanente verandering aan jou vlees maak nie, dit moet sterf op God se manier.

Romeine 6:7 sê:

'want hy wat gesterf het, is vry van die sonde.'

Onthou: die Bloed van Jesus was ons sonde weg, nie ons vlees likheid nie.

Galasiërs 5:24;

'Maar die wat aan Christus behoort, het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig.'

Onthou:

Om te sê: 'Ek het alles gekruisig' is nie afhanklik van 'n ondervinding nie, maar van die afgehandelde werk van Jesus. Jy kan nie jouself kruisig nie – dis Jesus en die Heilige Gees wat dit doen, deur Sy Woord.

As jy na 'n Christen kyk, moet nie kyk of hy kan profeteer of hy vir mense kan bid nie - kyk na sy karakter.

Is hy rein van hart en in alles gehoorsaam aan God ?

Dis al wat tel – **nie wat hy doen nie – wat hy is.**

Hoe loop ons in oorwinning?

Weet jy regtig wat Jesus vir jou gedoen het ?
Ons moet dit wat vir ons beskikbaar is, gebruik.

Elke keer as wellus bv. in jou opkom, gee die Heilige Gees kans om dit te hanteer.

Dit moet daagliks gebeur.

Neem jou kruis op elke dag.

Ons moet besef dat, om weer die gees toe te laat om te regeer in ons, moet die siel en die gees geskei word.

Anders opereer ons altyd uit sielskrag – dis jou eie talente en kennis en persoonlike slimigheid.

Die krag van die siel moet sterf, sodat die krag van die Heilige Gees kan werk deur al jou sintuie.

Jou eie gees is omsingel deur jou siel.

Dus moet die Woord wat na jou toe kom eers deur die siel gaan voor dit jou gees kan bereik.

Daarom moet jy jou siel (emosies en wil) uit die pad uitkry, sodat die gees opgelig kan word, en oor die siel kan heers.

As jou gees nou ongehinderd kan groei, sal dit so groot en sterk word dat dit totaal beheer oor die vlees sal kry.

Ons besef nie altyd hoe belangrik is dit dat slegs die regte Woord na ons toe kom – nie sommer net elkeen se opinie nie.

Daarom sê die Bybel: **Mattheus 4:4**

'Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan.'

Jy moet daagliks die Woord van God eet, dit verteer, sodat dit deel van jou lewe kan word.

Hebreërs 4:12

'Want die Woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordeelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.'

In die Ou Testament het die priester die offers wat op die altaar geplaas is, ook met 'n skerp mes in twee gesny, sodat almal kon sien wat binne aangaan.
Daarna is dit met vuur verbrand.

Die Woord van God lei jou in 'n baie dieper realm as wat enige sensasie aan jou kan doen.

Geloof kom deur die hoor van die Woord van God.
Wat jy hoor, sal jy word, deur dit hard uit te spreek.
Wat die hart dan van vol is, sal by jou mond uitloop.

Kruisiging van die vlees is afhanklik van die Kruis en van God se Woord.

PRAKTIES:

1. Ons moet weet hoekom die gees van die siel geskei moet word.
2. Vra dan vir skeiding van die siel en die gees – dit moet jou ernstige begeerte wees.
3. Gee nou toe aan die Heilige Gees.
4. Jy moet kan aanvaar om een te word met die dood van Jesus.
5. Bid en bestudeer die Woord en laat toe dat die Woord diep penetreer in die siel om dit te kan reinig.
6. Neem daaglik jou kruis op, deur dadelik Woord te spreek as daar emosies in jou opkom of haat of wellus.
7. Totale gehoorsaamheid aan die Heilige Gees.

Dit is 'n daaglikse pad om te stap en God bring mense en omstandighede oor ons pad om ons in staat te stel om oorwinning te kry.

Laat toe dat God omstandighede oor jou bring, wat jou elke dag kan laat sê: 'Ek is gekruisig' of 'dit is gekruisig.'

Laat toe dat die gees vir die vlees kan dikteer wat om te doen. So jy sê nou vir die vlees wat om te doen – nie andersom nie.

Voorbeeld: Die gees sê: bid nou vir 'n halfuur;
Die siel sê ek moet nou kosmaak;
Die liggaam sê ek is te moeg.

Na wie luister jy nou ?

Jesus het dit alles vir ons kom doen.

Ons moet net die vlees vir Hom gee, en Sy werk vir ons vat.

Die grootste problem is dat ons nie **VAT** wat Jesus aan die kruis vir ons gedoen het nie.

Hy sê: Gee vir my jou laste en jou vlees, en vat My voltooide werk aan die kruis vir jou.

Laat dit deel word van jou wese.

EET DIT - VERTEER DIT - ABSORBEER DIT.

10.DIE SONDIGE NATUUR

Die lering wat daar in die kerk is dat, as ek eers tot bekering gekom het, daar nie weer probleme kan kom nie, is verkeerd. Terwyl ons lewe sal daar altyd versoekings wees en altyd aanslag op die kinders van God wees.

Ons grootste gevaar bly ons eie sondige natuur.

Wat is sonde?

Jakobus 4:17;

'Wie dan weet om goed en reg te doen en dit nie doen nie, vir hom is dit sonde.'

Ons kan as Christene verseker nog in versoeking kom om sonde te doen.

Elke keer as dit gebeur het ons 'n keuse.

As ek eers daaraan toegegee het kan dit my gees, my siel en my liggaam affekteer.

1 Thessalonisense 5:23;

'En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak,
en
mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik
bewaar
word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus!'

Ons besef dat daar 'n geestelike oorlog aan die gang is, maar voor God moet ons elkeen ons eie verantwoordelikheid opneem.

Ons kan nie net vir altyd Satan en sy demone vir al ons sonde blameer nie.

Ons is as Christene ten volle verantwoordelik voor God daarvoor en om onself te beheer en op te hou sonde doen. Sonde bly vir ewig ons grootste vyand.

Toe Adam val in sonde, het ons as sy nageslag daardie gevalle natuur van hom oorge-erf.

Romeine 5:12;

'Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het.'

Romeine 5:18-19;

'Daarom dan, net soos dit deur een misdaad vir alle mense tot veroordeling gekom het,
Want soos deur die ongehoorsaamheid van die een mens baie tot sondaars gestel is,'

Ons het dus hierdie natuur oorge-erf, maar wat is dit?

As sonde eers toegelaat is en ons aanhoudend in dieselfde gat trap, word hierdie sonde deel van my hele lewe.
Ek doen later die sonde so maklik, want dis hoe ek eintlik kies om te lewe.

Die leuen en die vloek kom so maklik oor my lippe.
Daar is in ons almal 'n geneigdheid vir ongehoorsaamheid.
Deur ons eie keuses word ons dan 'kinders van die ongehoorsaamheid.'
Ongehoorsaamheid bly die wortel van alle sonde en ellende in my lewe.

Jesus Christus moes kom om hierdie bouse, vrot wortels van ons uit te sny, en ons so te red – terug in 'n lewe van gehoorsaamheid tot God.

Wat sê Paulus van die sondige natuur?

Romeine 7:19-23;

'Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek.
Maar as ek doen wat ek nie wil nie, dan doen ek dit nie meer nie, maar die sonde wat in my woon.
Ek vind dus hierdie wet: as ek die goeie wil doen, is die kwaad by my aanwesig.
..maar ek sien 'n ander wet in my lede wat stryd voer teen die wet van my gemoed en my gevange neem onder die wet van die sonde wat in my lede is.'

Dis tog duidelik dat, al is daar 'n begeerte in my om God te dien, die sondige natuur terselfdertyd ook daar is.
Ek is nie vir ewig vry van die begeerte na sonde, net omdat ek 'n Christen is nie.

Sonde is 'n integrale deel van ons.
Dis hoekom ek dit ons 'sondige natuur' noem.

Die Woord verwys na hierdie natuur as 'die oumens.'

Romeine 6:6;

'aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie'.

Kolossense 3:8-10;

'Maar nou moet julle ook dit alles aflê, naamlik toorn, woede, boosheid, laster, skandelige taal uit julle mond. Lieg nie vir mekaar nie, omdat julle die oue mens met sy werke afgelê het, en julle jul met die nuwe mens beklee het wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper,'

Soms word die sondige natuur ook genoem: 'Vlees.'

Romeine 8:2-8;

'Want die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van die wet van die sonde en die dood. ..sodat die reg van die wet vervul kon word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees. Want die wat vleeslik is, bedink vleeslike dinge, maar die wat geestelik is, geestelike dinge. Want wat die vlees bedink, is die dood, maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede, omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie. En die wat in die vlees is, kan God nie behaag nie;'

Elke deel van my gees, siel en liggaam kan deur hierdie sondige natuur beïnvloed word.

Omdat my siel, gees en liggaam deur sonde aangetas kan word is dit noodsaaklik dat ek moet toelaat dat Jesus Christus my volkome moet reinig en vrymaak.

Ja, Satan sal ons altyd versoek om sonde te doen, maar op die einde bly dit ons keuse.

ONS KIES OM SONDE TE DOEN!

Of die demone jou van binne af affekteer, of vir ander van buite af, ons bly verantwoordelik voor God vir alles wat ons doen.

Satan weet baie goed waarvoor jy kwesbaar is, daarom kan hy ons so maklik manipuleer.

Dis waarom die hele bybel vol waarskuwings is oor die begeertes in ons om die verkeerde te doen.

Mense ons moet weet: God is heilig en regverdig.

Hy sal nie toelaat dat sonde naby Hom kom nie.

Dis waarom Jesus Christus moes kom om die prys te betaal vir ons sonde aan die kruis.

As dit nie daarvoor was nie sou God ons verewig verwyder het van homself, oor die sonde in ons.

As ons volhard in ons sonde en ons harte verhard en nie wil deel met ons sonde nie, sal ons vir altyd ver van God af wees.

Sonde bring verwydering tussen God en my.

Die enigste manier om 'n noue verhouding met God te hê en 'n lewe te leef in oorwinning in Christus, is om gewoonte sonde totaal uit ons uit te kry.

Sonde is ons lewens is die een ding wat sal maak dat Jesus eendag sal sê: 'Ek ken jou nie – neem hom weg.'

Later word die verwydering tussen God en my net te groot, en ek gaan verlore. Moet nie met God se genade speel nie!

Ons moet besef dat ons onself voor God moet bewys.

Ons moet aan Hom ons gehoorsaamheid en geloof kom bewys, om sodoende namens Hom 'n verskil aan ander mense te kan maak.

Om daagliks meer van God te kry, meer van die gawes van Sy Gees, is daar toetsing wat voorlê.

Baie mense word groot krag belowe net omdat hulle Christene word – dis verkeerd.

Ons ontvang hierdie krag **slegs** as ons onself as getrou kan bewys.

Hierdie is 'n proses van groei en om afgerond en volkome te wees.

Dit sal ook aangaan vir die res van ons lewens – dis die strewe na heiligmaking.

In **Lukas 19** lees ons van die heer en sy diensknegte wat moes kom rekenskap gee oor die ponde wat die heer vir hulle gegee het: Hoor wat sê die heer vir hulle wat getrou was:

'En hy sê vir hom: Mooi so, goeie dienskneg; omdat jy in die minste getrou gewees het, moet jy gesag hê oor tien stede.'

Gaan ons getrou en goeie diensknegte wees?

Dis slegs alleen wanneer ons dit is dat Hy ons met Sy krag sal kan vertrou.

Ons moet nie net dink wat ons van God kan kry nie, ons moet besef dat ons slegs die diensknegte is.

Maar Hy is getrou en regverdig om ons te eer met Sy gawes.

Daar is maar 'n geneigtheid vandag om te probeer om die toetsfase en groei, baie te beperk.

My raad: Moenie die pynlike leerproses vermy nie.

Elke dienskneg van God in die Bybel het deur hierdie prosesse gegaan.

Miskien is dit vandag die rede waarom so baie mense vroeg in leierskap al uitval.

Hulle word gewoonlik te vinnig in belangrike posisies ingedruk.

Om te kan staan in 'n posisie van outoriteit in God se koninkryk moet elkeen homself kan bewys in gehoorsaamheid aan God en om sonde uit sy lewe uit te kry.

Dit neem altyd tyd.

Die Bybel sê nie hoe lank nie – elkeen van ons verskil.

In die praktyk beteken dit dat ons outoriteit oor Satan kan vermeerder as ons ons as standvastig kan bewys.
Ons moet vertrou kan word met min, voordat ons vertrou gaan word met baie.

Elke gelowige het outoriteit ontvang van Christus om sonde en demone in homself te kan hanteer, maar in die publiek, moet ons versigtig wees om nie te vinnig met demone in ander mense te probeer deal nie.

Ons moet nederig wees en lesse leer – weet dat God jou sal ophig in 'n posisie van outoriteit as jy reg is.
Moet nie bang wees dat jy dit gaan mis nie.

Jy moet hier bereid wees om enigiets af te lê – hoe pynlik dit ook is.

Nou, ons moet vestings en sonde uit ons kry, maar as Paulus gesukkel het, wie is ons?

Kom ons kyk na die Woord:

Efesiërs 4:26 - 27

'Word toornig en moenie sondig nie; laat die son nie ondergaan oor julle toorn nie; en gee aan die duiwel geen plek nie.'

As jy nie jou toorn of woede kan beteuel nie, kom sonde in.

Moet nie aan die duiwel 'n kans gee nie.

Satan kan 'n houvas in gelowiges se lewe kry as ons woede en kwaad toelaat.

Dis asof ons ons eie vuurtjie aanblaas – dis die sonde wat ons nie wil los nie.

As ons die vuur nie uitblus nie kom Satan met sy gas-blaser en gooi baie gas en die volgende oomblik is die vuur buite beheer.

Kry net die Satan uit die prenjie uit dat jy die vuur kan beheer.

Probleem-area's:

- * Gedagtes wat nie onder beheer kan kom nie.
- * Gewoontes wat nie gebreek kan word nie.
- * Gedagtes wat jou aanhoudend aankla en afrem.
- * Vrees en woede wat sommer net opvlam.

Hoe gaan ons oorwinning kry oor ons sondige natuur?

Die antwoord is eenvoudig: Ons moet meer krag en dissipline in ons hê, as wat ons sondige natuur het, anders sal ons nooit wen nie.

Nou waar kry ons daardie krag?

Romeine 8:1-2;

'Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.

Want die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van die wet van die sonde en die dood.'

Jesus Christus het ons vrygemaak van die krag van sonde toe Hy gesterf het op die kruis.

Die oomblik dat ons Hom aanneem as Verlosser en Saligmaker, is hierdie krag vir ons beskikbaar.

Die maniere waarop ons oorwinning kry oor die sondige natuur is:

Eerstens: Deur die werking van die Heilige Gees.

Die voorwaarde: ons moet bereid wees om alles te gee.

Tweedens:

Romeine 8:5;

'Want die wat vleeslik is, bedink vleeslike dinge, maar die wat

geestelik is (wat aan die Heilige Gees dink), bedink geestelike dinge.'

Hoe meer tyd ons daaglik spandeer met Bybellees, dink aan God se Woord en dink aan God, hoe meer sal ons krag ontvang oor sonde.

Om beheer te neem oor jou gedagtes is die belangrikste sleutel tot oorwinning.

Hoe meer ons in ons gedagtes aan God dink en met Hom kommunikeer, hoe minder sal ons sonde doen.

Dit moet later 'n totale deel van jou lewe wees dat jy nie meer sondig nie.

Johannes skryf:

1 Johannes 2:1;

'My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie;'

Die sleutel om oorwinning te kry beteken dissipline in ons gedagte-wêreld.

Vandag wil almal loop in 'tekens en wonders' – dis tog immers ons almal se begeerte.

Maar, God is baie meer geïnteresseerd in daaglikse gehoorsaamheid en geloof, as in tekens en wonders.

Weet: Jy kan nooit ware tekens en wonders hê sonder 'n lewe van totale oorwinning.

Kom ons neem ons verantwoordelikhede nou op en dan kan ons dit vervul wat God van elkeen van ons verwag.

Kom ons veg saam teen die krag van die sondige natuur – dat ons **kan WEN.**

Dis die resep vir 'n lewe in oorvloed!